DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**22 Mart 2020**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**Goeiemore geliefdes**
In die onseker tyd het ons 'n vaste anker. Soos Abraham die onbekende ingetrek het, met God se beloftes, so gaan ons die volgende paar weke in met God se beloftes. Ek sal deur middel van elektroniese boodskappe met u kontak hou. Ek sal intussen met die siekebesoeke voortgaan. Laat weet my asb as daar iewers 'n nood ontstaan.

Efesiërs 3: 14 – 21

Die afgelope week het ons voor groot uitdagings te staan gekom. Op ekonomiese en kerklike gebied is ons deur 'n virus gekonfronteer met sake wat 3 weke gelede ondenkbaar was. Ons het binne die raamwerk van die maatreëls gepoog om die beste besluite te neem om nie die besmetting aan te help nie. Ons vra u voorbidding vir die Kerkraad in die bestuur van die pandemie.

Die werk van die Heilige Gees is om God en Sy werk aan die kerk bekend te maak. Ons weet dat ons bestaan aan God, die Vader, alleen te danke is. Alleen deur die Gees kan ons deur Christus die Almagtige God, ons Vader noem. Die Heilige Gees is aan ons gegee om ons te waarborg dat ons deur die geloof alleen in die ewigheid verlos is. Hierdie Vader is in alles – mag, heerlikheid, liefde, trou en wysheid verhewe bo alle aardse magte. Ook die virus en die verspreiding daarvan staan onder God se beheer. Elkeen se lewe kom van God en ons lewe slegs deur Hom. Daarom kan ons opkyk en Sy hulp en leiding afbid vir ons gemeente.

Die feit dat ons die Heilige Gees ontvang het, beteken nie dat ons aan hierdie kant van die wederkoms geen swaarkry sal beleef nie. Gelowiges word ook siek aan Coronavirus en sterf. Daar is egter veel meer sake op hierdie aarde wat ons geloof bedreig. Ons kan verlam word deur die werk van Satan in ons eie lewe. Ons kan kragteloos gemaak word deur moedeloosheid en in ons gebedslewe verslap. Daarom moet ons aanmekaar versterk word, sodat ons enduit kan volhard tot ons die oorwinnaarskroon ontvang – 2 Tim 4: 8. Daarom moet ons by elke geleentheid vir mekaar bid (Ef 6: 18).

Die apostel bid dat ons innerlik versterk sal word om in 'n nuutgemaakte verhouding met ons hemelse Vader en ons Here Jesus Christus te leef. Dit is deur die krag van die Heilige Gees dat Christus in ons hart kan woon (v 17), en dat ons die liefde van Christus kan begryp al is dit ver bo ons verstandelike vermoë (v 18 -19), en dat ons almal gevul kan word met die volheid (vrede) van God.

Hierdie gebed is vir elke gelowige bedoel. Mag God ons bewaar in die onstuimige tye. Mag Hy sy vrede in ons harte lê en laat vasstaan om met die swaard van die Gees die Duiwel se aanslae af te weer.

**Voorbidding:** Ons bid dat die Here in Sy genade ons lewens sal spaar, maar ook dat ons sal bid vir al die gesondheidswerkers wat nou onder groot druk en in baie spanning hulle werk doen.

# GEMEENTEBRIEF

Geliefde Gemeente van Pietersburg

Op 15 Maart 2020, het president Cyril Ramaphosa, ‘n dringende oproep tot alle Suid Afrikaners gerig om saam te werk in die stryd teen die Corona -Virus (COVID-19). Een van die maatreëls wat ingestel is, is ‘n algehele verbod op samekomste wat meer as 100 mense behels, aangesien sosiale distansiëring een van die doeltreffendste voorsorgmaatreëls vir die verspreiding van die COVID-19 virus is. As geloofsfamilie, is ons gemeente by hierdie oproep ingesluit en is die welstand van alle mense vir ons belangrik. Hierdie maatreëls hou besliste uitdagings vir ons gemeente, veral ten opsigte van ons samekomste, as geloofsfamilie in.
Ons erken die behoefte van gelowiges om in hierdie tyd juis die gemeenskap van gelowiges te beleef. Alhoewel die nuutste navorsing daarop dui dat infeksie in meeste gevalle nie tot ernstige simptome lei nie, dit nogtans gevaar vir ‘n spesifieke deel van ons samelewing inhou. Ons wil elke moontlike voorsorg tref om verspreiding te probeer bekamp, sodat die mees weerlose onder ons na die beste van ons vermoë beskerm kan word. Ons bely ons vertroue in die HERE se sorg en beskerming in hierdie uitdagende tye, asook ons oortuiging dat die HERE ons deur Sy Gees aanspoor om ons naaste lief te hê, soos dit in Filippense 2:1-5 geskrywe staan: Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was…
Om hierdie rede is besluit op die volgende reëlings en doen ons ‘n oproep aan die hele gemeente, om ons hierin te ondersteun, dat u uself sal beskerm, ander se vrese sal respekteer en dat ons steeds as kerk diensbaar sal wees tot mekaar en ons gemeenskap.

**Eredienste en ander samekomste**: Om hierdie rede het die ouderlinge besluit dat, tot en met 13 April, daar geen eredienste op die kerkterrein sal plaasvind nie. Eredienste is beskikbaar op Youtube en ander media. Ds Gustav Opperman het verlede Sondag ‘n kragtige boodskap gelewer waarna u op Youtube kan luister. Hoewel die Corona-Virus ‘n uitdaging vir ons gemeente, in terme van aspekte van ons gemeentebediening inhou, is ons daarvan oortuig dat hierdie uitdagende tye juis ‘n ideale geleentheid bied om ons roeping as liggaam van JESUS CHRISTUS uit te leef, en ook in ons omgang met hierdie pandemie die voorbeeld van JESUS te volg.

Alhoewel ons vir ‘n kort tydjie verhinder mag word om soos ons daaraan gewoond is kerk toe te “gaan”, bied die Corona-Virus aan ons ‘n besondere geleentheid om kerk te “wees”.

Binne ‘n tyd wat die fokus baie sterk op ons hand-higiëne geplaas word, wil ons JESUS se hande wees. Hier is praktiese wyses waarop ons dit kan doen:

**Hande wat bid:** In Jakobus 5 word ons herinner aan die belangrikheid van gebed in uitdagende tye, en dat die gebed van gelowiges ‘n kragtige uitwerking het. As gemeente wil ons intree in gebed vir ons land en sy mense, en baie spesifiek vir elkeen wat reeds direk deur die Corona-Virus geraak word, asook vir ons dokters en mediese personeel. Ds Sarel sal vir die komende tydperk weekliks gebedspunte kommunikeer, waarvoor ons as gemeente (hetsy individue, gesinne of groepe) kan bid.

**Hande wat dien:** Die kerk was nog altyd geroep om in krisistye, nie uit vrees in hulself te onttrek nie, maar juis uit liefde uit te reik na ander in nood – hierdie moet ook waar wees vir ons gemeente. As gemeente wil ons ons gemeenskap dien op die volgende wyses: Deur te hou by die riglyne vir persoonlike higiëne, sodat ons nie ons eie, of ander mense se welstand ingedrang bring nie.

**Hande wat gee:** Die tydelike opskorting van eredienste hou finansiële uitdagings vir gemeentes en hul dienswerk in. Ons is ook daarvan bewus dat mense tans sonder inkomste is, vanweë die COVID-19 maatreëls, en dus finansiële ondersteuning benodig.
Daarom versoek ons u om steeds voort te gaan om u weeklikse erediens-dankoffers, en enige finansiële bydraes te gee, sodat ons gemeente op volhoubare wyse met ons werksaamhede kan voortgaan en ander se nood kan help verlig.

## Lydenstyd

In die lydenstyd word ons opnuut bewus van Jesus se weg van lyding. Sy lyding herinner ons ook aan ons eie lyding. Ons eie lyding wissel van mens tot mens. Dis belangrik om altyd te onthou: vertrou God se doel met jou lewe in die moeilikste tye. God se doel met jou lewe is altyd groter as jou probleme.

“Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op ‘n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.” (2 Kor 4:16-17)

"This is the reason why we never collapse . . . These little troubles (which are really so transitory) are winning for us a permanent, glorious and solid reward out of all proportion to our pain."

**Hoekom ek?** Wanneer die lewe in sy harde werklikheid gebeur sal die meeste mense uiteindelik hierdie vraag vra. Maar dis die verkeerde vraag om te vra tydens donker dae. Vra liewer: "Here, wat is U doel met dit alles?"

In 1 Pet 1:6-7 lees ons: "Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan."

Niks gebeur in jou lewe per toeval nie. God is nie die oorsprong van kwaad nie, maar Hy kan die goeie uit elke situasie na vore bring, selfs uit kwaad. Beproewinge en toetse openbaar jou karakter, jou geestelike volwassenheid, jou sekuriteit, jou waardes en jou geloof.

Paulus het sy hele lewe daaraan toegewy om God te dien. Sy lewe is fisies bedreig- hy is by geleentheid gestenig, hy was 'n skipbreukeling, hy is geslaan – vir dood agtergelaat, in die gevangenis gegooi, beroof. Ons kan nie agterkom dat hy ooit bitter was nie. In plaas daarvan dat hy gevra het: Hoekom ek Here?", het hy Hy geglo dat God met dit alles 'n doel gehad het. Hy het geleer om God te vertrou te midde van sy probleme, al het hy nie alles verstaan nie.

Wat is die geheim van sy volharding? Hy het aan die hoop vasgehou omdat God 'n doel gehad het met sy uitdagings. God het ook 'n beloning gereed gemaak wat die pyn by verre oortref het. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het sy volgelinge gedink dis 'n sinnelose tragedie, 'n groot fout. Hulle kon nie sien dat God nogsteeds op sy troon sit nie, besig om sy groter doel uit te voer. Na sy opstanding het Jesus aan sy dissipels verskyn en vir hulle sy vrede gegee: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

Net oomblikke tevore kon hulle geen rede sien vir hul pyn en verlies nie. En hier kom Jesus en vertel hulle van hul nuwe opdrag wat deel sou vorm van God se groot doel. God se doel met jou lewe is altyd groter as jou probleme. Vertrou Hom! Hy verander kruisigings na opstandings. Hy spesialiseer in hopelose situasies.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor steeds oop sal wees en dat Nantes op Maandae, Woensdae en Vrydae tussen 08:00 tot 12:00 beskikbaar sal wees.

# OOG VIR MEKAAR



* As gevolg van die beperkinge op interaksie is alle samekomste afgelas tot 5 April. Na 5 April kan ons weer kyk na hoe ons die Bybelstudies kan laat gebeur. Bid asb vir bewaring in die tyd.
* Hester vd Merwe ondervind steeds geweldige pyn. Ons bid vir haar en Dawie.
* Ons bid vir Gerhard en Marthie Maritz wat die einde van die bestraling hierdie week bereik. Mag ons Vader julle vashou en lei.
* Ons bid vir Lana Nel en familie in die tyd.
* Maartin Venter is tuis na die knievervanging. Ons dank die Here vir Sy troue versorging.
* Corne du Plessis het 'n knievervanging ondergaan en gaan goed.
* Ons bid vir Hannes en Petra van der Walt wat swaar kry met hulle gesondheid. Hulle verhuis ook binnekort. Baie sterkte daarmee.
* Vir almal wat swaar kry en onder liggaamlike en geestelike druk verkeer, bid ons die troos en bystand van die Heilige Gees toe.
* Baie sterkte aan al die ouers wat onverwags vir 'n langer tyd die kinders moet besig hou. Die skole en die Universiteite het gesluit en al die aktiweite op die kampusse gestaak. Dit beteken groot uitdagings vir ouers, onderwysers en dosente. Kom ons staan mekaar by om die beste van die geleenthede te maak.

# BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer hervat word na 5 April 2020.

# DOPPERDOORFEES 17 EN 18 APRIL 2020

Die Dopperdoorfees geskeduleer vir 17 en 18 April 2020 is afgestel tot verdere kennisgewing.

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees
Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| * 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer | | | |
| So - 22 Maart | Poppie Potgieter * | B | 072 288 3323 |
| Ma - 23 Maart | Annatjie Venter | B | 083 399 5592 |
| Di - 24 Maart | Brendon Krüger<br>Lezanne Swanepoel | B<br>B | 083 383 6199<br>082 827 7249 |
| Wo - 25 Maart | Markus Grobler<br>Dries vd walt | D<br>B | 071 885 8928<br>084 503 9434 |
| Do - 26 Maart | Dewan Boshoff | D | 072 353 1968 |
| Sa - 28 Maart | Koemi vd Walt | B | 082 459 3832 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 23 Maart 1996 | Maurice en Chrisna Stander | 24 | 082 448 9198<br>082 804 6912 |
| 24 Maart 2012 | Deon en Elzia Boshoff | 8 | 072 353 1968<br>082 931 7992 |
| 26 Maart 1964 | Hannes en Antoinette Sauermann | 56 | 082 336 5041<br>082 336 5041 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik strek te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees."*

*Efesiërs 3: 16 - 17*